

072633



182968919F



RGN-HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEK- EN  
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND  
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

--	--	--	--

1179\*1085

000160042001



001.3072068 HSRC ASS 2




\* 1 6 8 4 2 8 \*

# **Bestaansbeveiligingsmaatreëls in Hongkong, Thailand, die Republiek van Sjina en Japan**

**W.W. Anderson**

**ZAA**

**Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing  
Nasionale Program: Bekostigbare Bestaansekerheid  
Subprogram: Bekostigbare Materiële Voorsiening  
1987**



Hierdie is 'n verslag van die Werkkomitee vir die Subprogram: Bekostigbare Materiële Voorsiening van die Nasionale Navorsingsprogram: Bekostigbare Bestaansekerheid

#### Komiteelede

Mnr. G.S. van Niekerk (Voorsitter), dr. W.W. Anderson, dr. F.S. Barker,  
mnr. J.C. Knoetze, prof. J.L. Sadie, mnr. D.K. Smith, dr. Ina Snyman (Koördineerder),  
mnr. A. Spier, mnr. S. van Coller, dr. J.L. van Tonder, dr. J.D. Venter

#### Spesialiskonsultante

Mnr. J.H.B. Dubazana  
Mnr. D.T. Motau

#### Programsekretariesse

Mev. Magriet Doorewaard

ISBN 0 7969 0548 7

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Gedruk en uitgegee deur die RGN  
Pretoriusstraat 134  
Pretoria

Die nasionale navorsingsprogram Bekostigbare Bestaansekerheid word deur die Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gekoördineer, en word in ses subprogramme, onder andere dié oor Bekostigbare Materiële Voorsiening, uitgevoer.

Die hoofklem in sowel die nasionale program as die subprogramme val op aspekte van bekostigbaarheid en aanspreeklikheid op die breë gebied van bestaansekerheid en die voorsiening van maatskaplike dienste. In dié verband is dit nuttig vir besluitnemers in Suid-Afrika om van tyd tot tyd te verneem welke tipes skemas in werking is in ander lande waar daar ook, soos in Suid-Afrika, 'n groot Derdewêreldkomponent saam met die Eerstewêreldkomponent bestaan. Die lande wat deur dr. Anderson besoek is, val by uitstek in hierdie kategorie.

Ina Snyman

Namens die Werkkomitee van die subprogram: Bekostigbare Materiële Voorsiening.

## VOORWOORD

Aangesien die skrywer van voornemens was om die vergadering van die IASSW te Tokio gedurende 27 tot 30 Augustus 1986 by te woon en die Staat verantwoordelikheid geneem het om die reiskoste na die Verre Ooste te dra, het die R.G.N. versoek dat besonderhede waar moontlik ingewin word met betrekking tot bekostigbare bestaansbeveiligingsmaatreëls. Op hierdie wyse sou die onkoste vir die R.G.N. minimaal wees.

Heelwat probleme is ondervind as gevolg van beperkte tydsverloop asook die gebrek aan diplomatieke kontakte om 'n behoorlike ondersoek te regverdig. Die ondersoek is slegs beperk tot onderhoude met sleutelpersone in die welsynsveld. Te Hongkong het die Suid-Afrikaanse Buitelandse Sake kontingent 'n onderhoud gereël met mnr. Stephen C.K. Law, Adjunk-Direkteur van Welsyn. Aangesien Suid-Afrika geen diplomatieke bande met Thailand het nie, moes die skrywer ter plaatse die nodige reëlings tref. Op kort kennisgewing is 'n afspraak gereël met mnr. Tubkaew Bhiboolnakrin, Direkteur van Welsynstudies, mej Soavapak Supanit, Assistent Direkteur, en mej Chiraluck Chongsatitmun wat belas is met buitelandse verhoudinge.

Aangesien die Republiek van Sjina goeie buitelandse verhoudinge met die R.S.A. handhaaf, was dit moontlik gewees om deur diplomatieke kanale aanvaarbare reëlings te tref. Gedurende die ogendsessie te Taipei is 'n deeglike onderhoud gevoer met mnr Chang-Fei Chang, sekretaris van die Buro vir Maatskaplike Aangeleenthede, en sommige van sy amptenare. Hierna onder voorsitterskap van mnr Ho, bestuurder van die Sentrale Trust van Sjina, en ander amptenare, is die onderskeie versekeringskemas in oënskou geneem. Tydens die middagsessie is die "Taipei Evergreen Academy" wat voorsteling maak vir gemeenskapsdienste aan gestremdes en bejaardes, besoek. Die aand is 'n samespreking gevoer met 'n plaaslike maatskaplike werkster.

(ii)

Die owerhede van Japan was nie bereid om 'n Suid-Afrikaner te woord te staan nie. Informasie is wel verkry van verskeie maatskaplike werkers tydens en gedurende die drie-daagse IASSW vergadering.

Ingesamelde besonderhede is sover moontlik saamgevat en in 'n verslagvorm saamgestel. In die verslag word elke land wat besoek is se bekostigbare bestaansbeveiligingsmaatreëls afsonderlik behandel. Aangesien die omstandighede nie 'n gestruktureerde ondersoek regverdig het nie, word demografiese besonderhede van elke afsonderlike land, hulle bestaansbeveiligingsmaatreëls, welsynsdienste en ontwikkelingsdienste aangedui volgens die mate waarin besonderhede verkry kon word. Aan die einde van die verslag word 'n aantal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak wat hopelik vir die Suid-Afrikaanse omstandighede van belang kan wees.

Graag wens ek die R.G.N. te bedank vir die vertroue wat hulle in my gestel het en die geleentheid wat hulle my gebied het om deel te vorm van hulle omvattende en noodsaklike ondersoek.

DR W W ANDERSON  
JUNIE 1987

## INHOUD

BLS

1.	BEKOSTIGBARE BESTAANSBEVEILIGINGSMAATREËLS IN HONGKONG	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Bestaansbeveiligingskemas	5
1.2.1	Publieke-bystandskemas	5
1.2.2	Spesiale behoeftes-toelaeskema	6
1.2.2.1	Ongeskiktheidstoelae	7
1.2.2.2	Ouderdomstoelae	7
1.2.3	Rampfonds	8
1.2.4	Verkeersongeluk-slagoffer-bystandskema	9
1.2.5	Kriminele- en wetstoepassingsbeserings-kompensasieskema	10
1.3	Gevolgtrekkings	11
2.	BEKOSTIGBARE BESTAANSBEVEILIGINGSMAATREËLS IN THAILAND	12
2.1	Inleiding	12
2.2	Welsynstruktuur en bekostigbare bestaansbeveiligingsmaatreëls	13
2.2.1	Kinder- en gesinsorg	14
2.2.2	Selfhelp-nedersettings	15
2.2.3	Bergbewoners se welsyn en -ontwikkeling	16
2.2.4	Rampverligting	17
2.2.5	Gestremdesorg	17
2.2.6	Bejaardesorg	18
2.2.7	Beroepsbystand	18
2.3	Gevolgtrekkings	18

3.	<b>BEKOSTIGBARE BESTAANSBEVEILIGINGSMAATREËLS IN DIE REPUBLIEK VAN SJINA (TAIWAN)</b>	19
3.1	<b>Inleiding</b>	19
3.2	<b>Bekostigbare bestaansbeveiligingsmaatreëls, welsyns- en ontwikkelingsdienste</b>	22
3.2.1	<b>Maatskaplike versekering</b>	22
3.2.1.1	<b>Arbeidsversekering (Labour Insurance Act)</b>	22
3.2.1.2	<b>Versekering vir Staatsamptenare (Government Employees Insurance Act)</b>	23
3.2.1.3	<b>Versekering vir studente en vissers</b>	24
3.2.2	<b>Publiekebystandskema's</b>	25
3.2.2.1	<b>Bestaansubsidie</b>	25
3.2.2.2	<b>Mediese-hulpprogram</b>	25
3.2.2.3	<b>Noodbystand</b>	26
3.2.2.4	<b>Rampbystand</b>	26
3.2.3	<b>Welsynsdienste wat betrekking het op bestaansbeveiliging</b>	26
3.2.3.1	<b>Bejaardesorg</b>	26
3.2.3.2	<b>Versorging van kinders</b>	27
3.2.3.3	<b>Gestremdesorg</b>	27
3.2.3.4	<b>Werknemers</b>	28
3.2.3.5	<b>Gemeenskapsontwikkeling</b>	28
3.3	<b>Gevolgtrekkings</b>	28
4.	<b>BEKOSTIGBARE BESTAANSBEVEILIGINGSMAATREËLS IN JAPAN</b>	30
4.1	<b>Inleiding</b>	30
4.2	<b>Bekostigbare Bestaansbeveiligingsmaatreëls, welsyns- en ontwikkelingsdienste</b>	31
4.2.1	<b>Finansiële ondersteuning deur die Staat</b>	31
4.2.2	<b>Kinder- en gesinsorg</b>	34
4.2.3	<b>Gestremdesorg</b>	36
4.2.4	<b>Bejaardesorg</b>	37
4.2.5	<b>Rampverligting</b>	37

	<u>BLS</u>
4.3 Maatskaplike-versekeringskemas	37
4.3.1 Pensioenskemas	37
4.3.2 Werkloosheid- en beroepsversekering	38
4.3.3 Werksbevorderingsprogramme	38
4.4 Gevolgtrekking	39
5. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	40

## 1. BEKOSTIGBARE BESTAANSBEVEILIGINGSMATREËLS IN HONGKONG

### 1.1 Inleiding

Die totale bevolking van Hongkong is 5,6 miljoen mense. Dit gee 'n grondoppervlakte van 35 vk. vt. per persoon. Die gemiddelde gesinsgrootte \* is vier persone en die gemiddelde maandelikse inkomste per gesin is HKS 4,600.

Altesaam 2 miljoen mense is woonagtig in staatsgesubsidieerde behuisingskemas waarvoor 'n maandelikse huur gebaseer op 10% van die gesinsinkomste betaal word.

Daar bestaan byna geen werkloosheid nie en ten spyte daarvan dat hulle statistieke aandui dat 1 064 persone vir die 1984/85 periode as straatlapers geregistreer is, is leeglêers en/of bedelaars onbekend.

Die onderliggende beginsel of filosofie van die Sjinese gemeenskap van Hongkong is dat die mens of gesin primêr verantwoordelik is vir sy/hulle eie welsyn. Om hierdie rede sal 'n persoon in 'n poging om in sy eie onderhoud te voorsien enige moontlike taak onderneem. Die owerheid tree geensins beperkend op nie en keur privaat initiatief hoe gering of eenvoudig dit ookal mag wees goed, veral as hulle daarvan oortuig is dat die persoon daardeur selfversorgend sal wees.

---

\*

Gesinsbeplanning word hoofsaaklik deur voorlichtingsdienste bedryf. Om die massa te bereik word gereeld kort flitse op T.V. vertoon met 'n spesifieke boodskap. 'n Voorbeeld van so 'n flitsboodskap is: Een kind is 'n genot; twee kinders is genoeg; drie kinders is 'n oorlas; en vier kinders breek die bamboes, met ander woorde, moeilik bekostigbaar.

As 'n laaste uitweg en as alle moontlike pogings tot selfversorging misluk het, sal 'n persoon moontlik om hulp aansoek doen. Aangesien die Welsynsdepartement bewus is van die bestaan van ontberings maar ook terselfdertyd bekend is met die algemene opvatting van die mense, word gereelde advertensieflitse op T.V. vertoon waarin behoeftiges genooi word om om hulp aansoek te doen. Voortspruitend hieruit is dit duidelik dat die owerheid hul oorhoofse aanspreeklikheid ten opsigte van die gemeenskap aanvaar en uitleef.

In ooreenstemming met die gemeenskapsopvatting is die uitgangspunt van die owerheid om eerder deur middel van welsynsdienste mense tot selfstandigheid te bring in teenstelling met blote materiële hulpverlening. Ter ondersteuning hiervan organiseer en onderneem die welsynsafdeling verskeie programme soos onder meer: groepsessies om veral die jeug tot selfverwesenliking te lei; werkverskaffing; beroepsvoortetting; rehabilitasiedienste; gemeenskapsontwikkelingsprojekte; voorbereidingsaksies vir 'n meer selfstandige bejaardheid; ens.

Welsynsvoorsiening is volgens die welsynsafdeling 'n dinamiese proses en daarom is dit nodig om die welsynsbeleid in sy totaliteit, elke vyf jaar in hersiening te neem. Gedurende hierdie periode word die verloop van dienste jaarliks deur die Welsynsdepartement gemonitor en evalueer om sodoende aan te pas by veranderde omstandighede en behoeftes. Die Welsynsdepartement is ook toevertrou met diskresionêre mag en kan na goeddunke veranderinge of aanpassings maak in die bestaande welsynsbeleid.

Die uitgangspunt van welsynsbeplanning is om dienslewering sover dit prakties moontlik is oorsaak-effektief te maak en die stelsel ten volle te vereenvoudig. Met betrekking tot oorsaak-effektiwiteit is dit bestaande praktyk om alle skemas voordat dit implementeer of hersien word planmatig en wetenskaplik te ondersoek. Eers nadat die doeltreffendheid en koste verbonde aan die program bepaal is, sal dit in werking

gestel word. Vereenvoudiging van stelsels word teweeggebring deur rasionalisasie, maklik berekenbare konsepte en die minimum strukture.

Genoemde uitgangspunte word beliggaam in die land se bestaans-beveiligingsmaatreëls soos dit op hierdie tydstip bestaan. Voorsiening word vir vyf nie-bydraende skemas gemaak te wete, publieke-bystandskema (Public Assistance Scheme), spesiale behoeftes-toelaagskema (Special Needs Allowance Scheme), kriminele en wetstoepassingsbeseringskompensasieskema (Criminal and Law Enforcement Injuries Compensation Scheme), verkeersongelukke-slagofferbystandskema (Traffic Accident Victims Assistance Scheme) en rampfonds (Emergency Relief).

Afhoewel dit nie op hierdie wyse gespesifiseer word nie, maak eersgenoemde twee skemas naamlik die publieke-bystandskema en die spesiale behoeftes-toelaagskema, voorsiening vir materiële hulp vir die versorging van bejaardes, behoeftige gesinne, enkelouers, buite-egtelike kinders, gestremdes, werkloses, siekes, seisoenwerskers, ens. Die middeletoets is slegs van toepassing op die publieke-bystandskema en word bereken deur die maandelikse inkomste en besparings indien beskikbaar van 'n persoon/gesin, af te trek van die heersende minimum bestaansvlak. Die verskil tussen die twee bedrae is die bedrag wat maandeliks aan die applikant uitbetaal word.

Bronne van inkomste vir die levering van welsynsdienste is hoofsaaklik fondse bewillig uit die staatskas (welsyn verteenwoordig ongeveer 6% van die staatsuitgawes), trustfondse en lotteryfondse. Met betrekking tot trustfondse gebeur dit meermale dat 'n bejaarde persoon nadat hy opgehou het met werk, sy totale besparings vir welsyn gee en dan onmiddellik daarna aansoek doen vir al die voordele wat deur die verskillende bystandskemas gebied word. Met hierdie optrede voel die bejaarde dat hy 'n diens aan die gemeenskap lewer en tegelykertyd verseker hy vir homself 'n gereelde maandelikse inkomste. Deelname aan die lotteryfonds skep by die mens die verwagting om

Iets te wen terwyl die spandeer van die geld ook aan hom die tevredenhed en versekering gee dat die geld vir 'n goeie doel aangewend word. Op hierdie wyse dra die mens by tot voordelige gemeenskapsdiens.

Die welsynstruktuur is doeltreffend georganiseer en omsluit die volgende diensvelde: bestaansbeveiliging; gesinsorgdienste insluitende skool-maatskaplike werk; medies-maatskaplike werk verbonde aan alle staatshospitale en klinieke; rehabilitasiedienste aan gestremdes; bejaardesorg; gevangenesorg en proefdienste; en groep- en gemeenskapswerk. Klem word veral op laasgenoemde diens gelê in 'n poging om die gemeenskap tot selfstandigheid, verantwoordelikheid en selfverwesenliking te lei.

Die voorsiening van fasilitete vir die levering van groep- en gemeenskapsdienste is vasgelê en word streng nagekom. In die verband is onder meer bepaal dat daar een omgesingsgemeenskapsentrum moet wees vir elke 15 000 - 40 000 inwoners; een gemeenskapsentrum vir elke 40 000 - 80 000 inwoners; en een distriksgemeenskapsentrum vir elke 80 000 - 120 000 inwoners. Die rasionalisering vir hierdie indeling is dat daar voldoende gemeenskapsentrum vir alle inwoners bestaan en dat inwoners in kleiner of groter groepe by die sentrums byeen kan kom.

Die ratio maatskaplike werker tot die totale bevolking is tans 1;20 000. Om te verseker dat maatskaplike werkers deurlopend professioneel ingeskarp bly en op die hoogte is met die nuutste ontwikkelinge op die vakgebied, word heelwat aandag aan indiensopleiding en opknappingskursusse gegee terwyl ruim voorsiening gemaak word vir die gemelde bywoning van kongresse, simposiums, ens.

## 1.2 Bestaansbeveiligingskemas

Soos reeds genoem administreer die welsynsdepartement vyf skemas wat soos volg omskryf kan word:

### 1.2.1 Publieke-bystandskemas

Die onderliggende doel van hierdie skema is om die maandelikse inkomste van 'n persoon/gesin aan te vul tot die heersende en aanvaarde minimum bestaansvlak . Die bedrag betaalbaar moet voldoende wees om te voorsien in die persoon se primêre behoeftes, te wete voedsel en kleding. Akkommodasie word afsonderlik en addisioneel met 'n huurtoelae voorsien. Ander noodsaaklike uitgawes soos onder meer 'n mediesgoedgekeurde dieet, skool-verbandhoudende uitgawes, noodsaaklike vervoeronkoste, uitgawes ten opsigte van die bewaring van kinders en voorskoolse foole, mag bo en behalwe bogenoemde toegewings diskresionêr aan die persoon toegestaan word.

Indien alle omstandighede bekend is, word die persoon/gesin se bestaande maandelikse inkomste en besparing in berekening gebring en word 'n toelae op grond van 'n gelyskaalstelsel en met inagneming van die gesinsgrootte aan hom uitbetaal. Hierdie skema is dus onderhewig aan 'n middeletoets. Addisionele toegewings kan by die inisiële berekende bedrag gevoeg word indien die persoon/gesin kwalifiseer vir 'n huurtoelae of enige ander goedgekeurde noodsaaklike uitgawes.

In die geval van 'n gesin, word die maandelikse inkomste en besparings van al die gesinsledere in aanmerking geneem by die berekening van die toelae. Elke gesinslid wie se inkomste minder is as die bedrag betaalbaar vir publieke-bystand, kwalifiseer vir 'n toelae. Vir die 1984/85 finansiële jaar is betalings soos volg in Hongkong dollars maandeliks toegewys.

Vir 'n enkelpersoon op sy eie .....	510
Vir 'n gesin: Eerste gesikte persoon .....	370
Tweede .....	370
Derde .....	370
Vierde .....	315
Vyfde .....	315
Sesde .....	315
Elke addisionele gesikte persoon ..	245

Elke aansoek word deeglik ondersoek en sluit ook ('n) huisbesoek(e) deur opgeleide maatskaplike werkers in. Die onus is op die aansoeker om al die bewyse, dokumentêr of andersins, te lewer ter ondersteuning van sy aansoek. 'n Werklose persoon tussen die ouderdom 15-60 jaar word verplig om maandeliks by een van die welsynsveldeenhede te rapporteer om sy werkloosheid te bevestig. Afgesien van die finansiële bystand wat die persoon ontvang, word pogings deur die veldeenhede aangewend om hom so gou as moontlik in 'n gesikte werk te plaas.

Die Direkteur van die Welsynsdepartement het volle diskresionêre magte en kan die maandelikse toelae na goeddunke verhoog of selfs verlaag. Hierdie mag is in die stelsel ingebou om publieke fondse te beskerm en om aanpassings volgens behoefté te maak om sodoende onnodige ontberings te voorkom.

Vir die finansiële jaar 1984/85 was 1,3% van die totale bevolking in ontvangs van publieke-bystandstoelaes.

#### 1.2.2 Spesiale behoeftes-toelaeskema

Ingesluit by hierdie skema, wat nie onderhewig is aan 'n middeletoets nie, is 'n ongeskiktheidstoelae en 'n ouderdomstoelae.

1.2.2.1 Ongeskiktheidstoelae: Om vir hierdie skema te kwalifiseer moet die persoon erg gestremd wees en nie in besit wees van 'n ouderdomstoelaag nie. Om aan hierdie omskrywing te voldoen moet die aansoeker deur die direkteur van Mediese- en Gesondheidsdienste onbevoeg gesertifiseer word om vir ten minste 'n periode van ses maande finansieel selfversorgend te wees. Maatstawwe waarvolgens 'n persoon erg gestremd beskou kan word, is ook duidelik deur die werknemerskompensasieskema neergelê.

'n Uniforme tarief word maandeliks betaal (gewoonlik in ooreenstemming met die publieke-toelaag vir enkelpersone soos uiteengesit op p5) ongeag die finansiële omstandighede van die gestremde aansoeker.

Hierdie toelaag word addisioneel tot 'n publieke-toelaag of enige ander noodsaaklike toelaes betaal, indien die persoon in besit van sodanige toelaes is, en die ongeskiktheidstoelaag word nie in berekening gebring met die toewysing van 'n publieke-toelaag nie.

Onmiddellik na die ontvangs van 'n aansoek vir 'n ongeskiktheidstoelaag, word die moontlikhede vir rehabilitasie van die persoon ondersoek.

Vir die finansiële jaar 1984/85 was 1,0% van die totale bevolking in ontvangs van 'n ongeskiktheidstoelaag gewees.

1.2.2.2 Ouderdomstoelae: Om vir hierdie skema te kwalifiseer moet die aansoeker 70 jaar of ouer

wees, ten minste vir vyf jaar voor die aansoek in Hongkong woonagtig gewees het, van plan wees om in Hongkong aan te bly en nie in besit wees van 'n ongeskiktheidstoelaag nie.

'n Uniforme tarief, die helfte van die bestaande ongeskiktheidstoelaag, word maandeliks betaal ongeag die aansoeker se finansiële omstandighede. Hierdie toelaag geniet dieselfde voorregte as die ongeskiktheidstoelaag, te wete dat dit addisioneel betaal word afgesien van die ontvangs van 'n publieke-toelaag of ander noodsaaklike toelaes. Hierdie toelae word ook nie in berekening gebring vir die toewysing of ontvangs van 'n publieke toelaag nie.

Vir die finansiële jaar 1984/85 was 4,8% van die totale bevolking in ontvangs van 'n ouderdomstoelaag.

#### 1.2.3 Rampsfonds

Met hierdie fonds word voorsiening gemaak vir die slagoffers van natuurlike of ander rampe soos vernietigende brande, tifone, oorstromings, storms, aardverskuiwings, ineenstorting van wonings, verwoesting van bote, skipbreuk asook vir diegene wat afgekeurde wonings moet ontruim omdat genoemde huisvesting nie meer geskik is vir menslike bewoning nie.

Alle moontlike en noodsaaklike hulp word verleen wat onder meer verbruikersgoedere en voedsel insluit.

Die skema is normaalweg operasioneel vir 'n periode van twee weke. Afhangende van die aard en omvang van die ramptoestand, word verskeie staatsdepartemente betrek en

die werkzaamhede gekoördineer om die toestand binne die kortste moontlike tydperk te normaliseer.

Indien persone na afloop van 'n ramptoestand verdere finansiële bystand benodig, kan hulle normaalweg aansoek doen om publieke bystand.

#### 1.2.4 Verkeersongeluk-slagoffer-bystandskema

Kontantbetalings deur die Welsynsdepartement goedgekeur, word uitbetaal aan die slagoffers of afhanklikes van verkeersongelukke. Hierdie uitbetaling is slegs van toepassing en beperk tot fisiese onkostes en ontberings wat gely mag word as gevolg van die ongeluk. Ander eise soos die beskadiging van die voertuig, word nie in aanmerking geneem nie. Nadat al die regsgedinge afgehandel is en die ontvanger vergoed is, word van hom verwag om 'n terugbetaling te maak. Indien die slagoffer die skuldenaar in die veroorsaking van die ongeluk was en dus nie geregtig is op enige eise nie, is dit nie vir hom nodig om enige terugbetaling te maak nie. Volgens bogenoemde is dit duidelik dat die onderliggende doel van hierdie skema is om enige ontberings wat 'n persoon/gesin mag ly as gevolg van 'n verkeersongeluk onmiddellik uit die weg te ruim. Met ander woorde, aangesien die per kapita inkomste van die oorgrote meerderheid van die gemeenskap laag is, kan 'n verkeersongeluk die persoon/gesin finansiell sodanig benadeel sodat dit vir hom moeilik sal wees om weereens geldelik selfstandig te word. Die bystand wat hy van hierdie skema ontvang bring mee dat sy finansiële omstandighede weereens genormaliseer word en dus nie die persoon/gesin se begroting onstablel laat nie.

Die skema is nie middeletoets geörienteerd nie.

Om te kwalifiseer vir 'n uitbetaling is die volgende nodig:

- (I) Die ongeluk moes aan die polisie gerapporteer gewees het.
- (II) Aansoek om geldelike bystand moet binne ses maande gedoen word.
- (III) In die geval van 'n besering moet bewys gelewer word van ten minste drie dae opname in 'n hospitaal of die beserings en die implikasies daarvan moet deur 'n mediese praktisyn bevestig word.
- (IV) Voldoende getuienis van die bestaansonberings wat deur die persoon/gesin gely is.

Die betalings is afkomstig van die Verkeersongelukkabystands fonds wat weereens hulle fondse genereer vanuit die volgende bronne:

- (I) Heffing op gelisensleerde voertuie.
- (II) Heffing op rybewyse.
- (III) Staat se býdrae wat 50% van bogenoemde twee heffings bedra.

#### 1.2.5 Kriminele- en wetstoepassingsbeserings-kompensasieskema

Kortlikks impliseer hierdie skema dat persone of hulle afhanklikes gekompenseer word vir beserings of sterftes teweeggebring deur kriminele aksies van geweld en die optrede van die gereg. Ingeluit by kriminele aksies is onder meer opstande wat deur die polisie onderdruk word, hardhandige optredes deur die polisie en ander aksies van polisie in die bekamping van misdaad waar vermeende

**RAAD VIR GEESTESWETENSAPLIKE NAVORSING**  
**HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL**

misdadigers of lede van die algemene publiek beseer of gedood word.

### 1.3 Gevolgtrekkings

Die houding en gesindheid van die Sjinese bevolking in Hongkong is sodanig dat hulle:

- (I) verkies om sover dit prakties moontlik is selfstandig en selfonderhouwend te funksioneer; en
- (II) eerder bystand en welwillendheid aan hulle medemens sal betoon as om self om hulp aansoek te doen.

Welsynsdienstlewering is oorsaak-effektief en vereenvoudig. Bestaansbeveiligingsmaatreëls is primêr daarop ingestel om 'n minimum lewensbestaan aan alle landsburgers te verseker. Hierdie beginsel word byvoorbeeld effektief uitgebeeld in die geval van verkeersongelukke waar persone onmiddellik tydens moontlike finansiële krisisse bygestaan kan word. Aangesien die middeletoets in geval van verkeersongelukke nie van toepassing is nie, lewer bewys daarvan dat die totale bevolking se welsyn in berekening gebring word ten opsigte van bestaansbeveiliging.

Gebalanseerde welsynsdienste word verseker. Ten spyte van ruim materiële voorsiening val die klem op voorkomende en ontwikkelende dienste. Verskeie gemeenskapsdienste volgens behoefté word ingestel en bedryf om persone tot selfverwesenliking en selfstandigheid te bring. Op hierdie wyse word verseker dat 'n kleiner persentasie van die gemeenskap sorgbehoewend is.

Ten spyte daarvan dat welsynsdienstlewering jaarliks gemonitor, evalueer en moontlik gewysig word, word die welsynsbeleid elke vyf jaar in sy totaliteit hersien.

Aangesien behoeftebevrediging en welsynsdienstlewering dinamiese prosesse is, moet gereelde aanpassings gemaak word om te voorkom dat die bestaande welsynsbeleid uitgedien word en sodoende nie aan sy doel beantwoord nie.

## 2. BEKOSTIGBARE BESTAANSBEVEILIGINGSMAATREËLS IN THAILAND

### 2.1 Inleiding

Thailand, 'n ontwikkelende land, het 'n totale bevolking van 51 miljoen. Hiervan bevind 5 miljoen mense hulle in Bangkok terwyl 80% van die bevolking op die platteland woonagtig is. Georganiseerde pogings veral deur middel van voorlichtingsdienste, word aangewend om die bevolkingsaanwas te beperk. Om hierdie rede het die geboortesyfer vanaf 1960 tot 1985 gedaal vanaf 3,2 tot 1,7.

Die grootste persentasie van die plattelandse bevolking is seisoenwerkers en is daarom vir ongeveer vier maande per jaar werkloos. Hierdie tendens word deur verskeie gemeenskapsprojekte omskep tot voordeel van die betrokke gemeenskappe. In die verband stel die sentrale regering fondse aan die 73 provinsies beskikbaar vir die aankoop van materiaal. Met goedkoop arbeid deur die indiensneming van werkloses word die infrastrukture van die plattelandse dorpe uitgebrei. Hierdie selfhelpskemas hou die volgende twee voordele in te wete:

- (i) werkverskaffing aan werkloses, en
- (ii) gemeenskapsontwikkeling deur middel van selfhelpskemas.

Die welsynstruktuur van Thailand is hoofsaaklik gebaseer op die selfhelpstelsel om die volgende redes:

- (i) Die kulturele filosofie van die gemeenskap is om nie eksterne hulp aan te vra nie. Afgesien daarvan dat die

uitgebreide familiestelsel daarop ingestel is om die gesinslede onderling te ondersteun, sal enige moontlike pogings aangewend word om sover doenlik selfversorgend te bly. Om laasgenoemde rede word selfs gevind dat veral diegene woonagtig in die bergagtige dele van die land, opium-verbouing onderneem of dat jong dogters veral van plattelandse gebiede tot die prostitutie toetree om in hulle gesinne se onderhoud te voorsien. Prostitusie is as gevolg hiervan 'n wesenlike probleem.

- (ii) Ten spyte daarvan dat Thailand 'n ontwikkelende land is, is die landsekonomie aan die afneem. Om hierdie rede is slegs beperkte fondse beskikbaar vir welsynsdoeleindes.

As gevolg van die swak ekonomiese toestand bestaan daar tans geen gestruktureerde bestaansbeveiligingsmaatreëls nie. Materiële hulpverlening word slegs op 'n eenmalige ad-hoc basis verleen terwyl 'n persoon/gesin nie meer as drie kere om hulp mag aansoek doen nie. Sover moontlik word die selfhelp-beginsel gehandhaaf. Die bestaande welsynsprojekte word bedryf deur 'n totaal van 2 000 opgeleide en geassosieerde werkers bygestaan deur 'n groot aantal vrywillige werkragte.

Aangesien die land nie oor 'n georganiseerde bestaansbeveiligingsbeleid beskik nie, word die welsynstruktuur waar van toepassing op materiële ondersteuning en selfhelpskemas kortliks in oënskou geneem.

## 2.2 Welsynstruktuur en bekostigbare bestaansbeveiligingsmaatreëls

Die Direkteur-generaal van die Departement van Openbare Welsyn, Ministerie van Binnelandse Sake, het in sy oorsig oor die welsynsprogramme van sy land soos volg opgemerk: "The nature of the welfare programs is preventive, curative and developmental in order to enable the people being served to become self-reliant and productive citizens."

Dit sal opgemerk word dat die klem op selfversorging (selfstandigheid) en produktiwiteit val. Met ander woorde ontwikkelingsprogramme om blote materiële hulpverlening te voorkom.

Die volgende welsynsprogramme blyk van die grootste belang te wees:

#### 2.2.1 Kinder- en gesinsorg

Gesinne waar die broodwinner oorlede, ernstig siek of werkloos is of waar die inkomste ten volle ontoereikend is, word finansieel eenmalig soos volg bygestaan:

- (I) Fondse vir beroepsvoorbereiding of vir die aankoop van gereedskap of toebehore wat die persoon in staat sal stel om 'n beroep te beoefen om sodoende selfonderhouwend te word.
- (II) Kapitaal om 'n eie huis in 'n goeie toestand van herstel te bring.
- (III) Opvoedkundige en mediese onkostes. Indien langdurige fondse deur 'n gesin benodig word vir die skoling van hulle kinders, kan hulle van staatsleningsfasiliteite gebruik maak.
- (IV) Skoolbenodigdhede vir kinders.
- (V) Poerermelk vir babas.

Aangesien die owerhede besef het dat daar veral op die verafgeleë plattelandse gebiede 'n groot aantal gesinne is wat in armoede leef, is gebruik gemaak van mobiele eenhede om hierdie gesinne op te spoor en op verskeie wyses behulpsaam te wees. Hierdie program wat in 1983 in die lewe gekom het, staan bekend as die "Outreach Program for Rural Families". Met behulp van

hierdie uitreikingsprogram is 2,7% van die totale bevolking finansieel of andersins bygestaan.

In teenstelling met bovenoemde eenmalige hulpskenkings, word 'n vasgestelde maandelikse bedrag aan pleegouers betaal.

#### 2.2.2 Selfhelp-nedersettings

Die oorgrote meerderheid Thail-mense is boere wat in afgeleë plattelandse gebiede woonagtig is. 'n Groot gedeelte van hierdie mense is arm, grondloos, huurders of handlangers van ander boere.

Wetgewing is gepromulgeer waarvolgens onbenutte grond opgemeet en aan behoeftige boere geskenk is vir boerdery doeleinades. 'n Verdere maatreël is dat bestaande nedersettings 20% van hulle grond vir hierdie doel beskikbaar moet stel.

Persone wat vir hierdie toewysing van bewerkbare grond kwalifiseer is onder meer die volgende:

- (i) 'n Hoof van 'n gesin wat behoeftig is en nie grond besit nie.
- (ii) Die persoon moet ywerig, arbeidsaam, fisies gesond en die aanleg hê om te kan boer.
- (iii) Hy moet nie ten tyde van die skenking 'n beroep beoefen wat vir hom en sy gesin 'n voldoende inkomste verseker nie.

Nadat elke nedersetting geproklameer is, onderneem die owerheid om die nodige infrastruktuur te ontwikkel.

Die volgende vyf kategorieë nedersettings is tot stand gebring:

- (i) Algemene selfhelp nedersettings.
- (ii) Nedersettings vir ontruimelinge van oorstroomde gebiede.
- (iii) Nedersettings op grens- en sensitiewe gebiede.
- (iv) Nedersettings vir politieke beweegredes.
- (v) Spesiale nedersettings vir die bevordering van onbekende boerderymetodes soos byvoorbeeld melkboerdery.

Ter aanvulling van die doeltreffende benutting van die nedersettings, word boerdery-opleiding gegee, plaastoerusting word verskaf, markte vir die verkoop van produkte word geskep, ens. Hierbenewens word tuisnywerhede aangemoedig terwyl voorsiening gemaak word vir formele- en nie-formele skoolopleiding. Omvattende gemeenskapsdienste soos jeugontwikkeling, telierskapkursusse, primêre gesondheidsorg en gesinsbeplanning word aangebied wat alles daartoe bydra om die lewenskwaliteit en selfstandigheid van die mens te verhoog.

#### 2.2.3 Bergbewoners se welsyn en -ontwikkeling

Verskeie etniese groepe, ongeveer 1,4% van die bevolking, is woonagtig in die bergagtige gebiede van Thailand. Hierdie mense is oor die algemeen nomadies, ongeletterd, armoedig en lewe onder haglike toestande. Sommige van hierdie stamme maak hulle skuldig aan opiumverbouing.

Met behulp van mobiele-eenhede wat elk beman is met 'n welsynsbeampte, landboukundige, gesondheidsinspekteur en opvoedkundige, is verskeie maatreëls in werking gestel om die lewenskwaliteit van hierdie gemeenskappe te verhoog.

Aangesien die meerderheid van hierdie gemeenskappe reeds boere was, is hulle onaanvaarbare verbouingsprodukte vervang met aanvaarbare produkte terwyl hulle op die hoogte gebring is met meer doeltreffende boerderymetodes. Markte vir die afsetting van plaasprodukte is geskep.

Voorsiening is ook gemaak vir beroepsopleiding van jeugdiges, beurse aan behoeftige kinders, mediese dienste, gesinsbeplanning, primêre gesondheidsorg, voorsiening van water, ens.

In 'n poging om gemeenskapsverantwoordelikheid aan te moedig en te bevorder is dorpsontwikkelingskomitees in die lewe geroep om deurentyd aandag te skenk aan die behoeftes en belang van die onderskeie gemeenskappe.

#### 2.2.4 Rampverligting

Die slagoffers van natuurlike en politieke rampe word op die volgende wyses bygestaan en ondersteun: Begrafnis en mediese onkostes; onkostes ten opsigte van lewensnoodsaaklikhede; vervoerontkostes; huisoprigtingskostes; aankoop van kombuisgereedskap; tydelike huisvesting; ens. Hulpverlening word voorsien volgens die spesifieke behoeftes van elke afsonderlike aansoeker.

#### 2.2.5 Gestremdesorg

Geen voorsiening word gemaak vir 'n ongeskiktheidstoelaag nie aangesien aanvaar word dat die uitgebreide gesin verantwoordelikheid moet neem vir die versorging van al

hulle gesinslede. Staatsvoorsiening word slegs aan behoeftige gestremdes gemaak vir die aankoop van prostese wat daartoe sal bydra dat hulle beroepsopleiding sal kan ondergaan en uiteindelik in beroepsarbeid opgeneem sal kan word.

#### 2.2.6 Bejaardesorg

Soos in die geval van die gestremde, is die uitgebreide gesin verantwoordelik vir die versorging van hulle eie bejaarde persone.

Behoeftige bejaardes sonder huisvesting word of kosteloos of op 'n gelyskaalstelsel in tehuise opgeneem.

#### 2.2.7 Beroepsbystand

Voldoende voorsiening om in die aanvraag te voorsien word gemaak vir inrigtingsversorging met gepaardgaande beroepsopleiding en moontlike indiensplasing van afwykende of noodlydende persone soos prostituees, leeglêers, ens.

In gevalle waar die owerheid sou vind dat daar 'n tekort aan opgeleide persone is vir 'n spesifieke beroep soos byvoorbeeld haarkappery, word voorsiening gemaak en persone gewerf vir die nodige opleiding en werksplasing. Rentevry lenings word beskikbaar gestel aan persone wat van voornemens is om klein besighede te begin om sodoende selfversorgend te word.

#### 2.3 Gevolgtrekkings

As gevolg van die filosofie van die Sjinese bevolking om nie aalmoese te vra nie asook die swak finansiële toestand van Thailand, is die Departement van Openbare Welsyn finansiell nie instaat om 'n omvattende bestaansbeveiligingsbeleid soos in die geval van Hongkong te administreer nie.

Die owerheid is egter ook sterk onder die indruk van die heersende armoede, werkloosheid en die gevoglike lae standaard van lewe van 'n groot gedeelte van die bevolking. In 'n poging om die lewenskwaliteit van die bevolking te verhoog, word langtermyn-gemeenskapsontwikkelingsprogramme soos beroepsvoorbereiding en selfhelp-nedersettings doelgerig aangepak. In die verband word veral aandag geskenk aan die plattelandse gemeenskappe waar ongeveer 80% van die totale bevolking hulle bevind. Met behulp van die bevordering van die boerdery, die daarstelling van behoorlike infrastrukture en ander noodsaaklike gemeenskapsdienste, word die moontlike verstedelikingsproses gestuit.

Die opheffing van individue en sodoende gemeenskappe word bevorder deur omvattende opleiding- en indiensplasingsprojekte. Selfs die nood van seisoenwerkers word positief omskep ter bevordering van gemeenskapsfasilitete. In stedelike gebiede met die uitsondering van bejaardesorg, word beperkte inrigtingsversorging voorsien ook met die hoofdoel om mense op te lei en gereed te maak vir die beroepslewè.

Met beperkte fondse en mannekrag asook die oorwig armoede en lae standaard van lewe, slaag die owerheid reeds goed daarin om op gemeenskapsvlak voorkomende en bevorderende dienste te lewer wat hopelik die selfstandigheid en verbeterde lewenskwaliteit van die gemeenskap teweeg sal bring.

### 3. BEKOSTIGBARE BESTAANSBEVEILIGINGSMAATREËLS IN DIE REPUBLIEK VAN SJINA (TAIWAN)

#### 3.1 Inleiding

Taiwan met 'n totale bevolking van 20 miljoen mense bewoon 'n eiland wat slegs 400 kilometers in lengte is en waarvan die grootste gedeelte onbewoonbaar is.

As gevolg van die topografie en die doelbewuste optrede van die owerheid het die land verander vanaf 'n suwer landbou-gemeenskap

na 'n moderne geïndustrialiseerde staat. As 'n integrale deel van modernisering het die welsynsysteem van die land as beginsel aanvaar dat toegesien moet word dat elke landsburger sal deel en bevoordeel word in die proses van ontwikkeling, modernisering en vooruitgang.

Hierdie sisteem onderskryf dus die oorkoepelende doelstelling van die nasionale beleid tewete om gelykheid van welstand in 'n vry en regverdige gemeenskap na te streef. Om hierdie rede word daar veral in resente tye heelwat klem gelê op maatskaplike programme vir die doelgerigte verbetering van die lewenskwaliteit van die mense. Die owerhede is tans ook trots op die feit dat die gemiddelde per kapita inkomste vir die bevolking gedurende 1984 op 3 067 Amerikaanse dollars te staan gekom het. Hierdie bedrag vergelyk redelik gunstig met ander ontwikkelende lande. Hierdie syfer is nog meer indrukwekkend as aanvaar word dat Taiwan 'n ontwikkelende land is en dat hulle 'n werkloosheidsyfer van onder 3% het.

Die konstitusie van die Republiek van Sjina maak pertinent voorsiening vir die volgende uitgangspunte wat regstreeks betrekking het op die bekostigbare bestaansbeveiligingsmaatreëls van die gemeenskap:

- (I) Die verskaffing van werksmoontlikhede aan almal wat in staat is om te kan werk.
- (II) Verbetering van die diensvoorwaardes en lewensoronderhoud van ongeskoolede arbeiders en boere.
- (III) 'n Beter bedeling tussen arbeidsverrigting en vergoeding.
- (IV) Die bevordering van welsynsdienste en die vestiging van 'n veilige bestaansbeveiligingsbeleid vir bejaardes en gestremdes wat nie in staat is om in hulle eie lewensoronderhoud te voorsien nie.

- (v) Die bevordering van die beskerming en welsyn van vroue en kinders.
- (vi) Die vestiging en ontwikkeling van omvattende sanitêre en gesondheidsdienste insluitende publieke mediese dienste.

In aansluiting by bogenoemde uitgangspunte, maak die welsynsbeleid voorsiening vir maatskaplike versekering en ondersteuning, welsynsdienste aan minderbevoordele gesondheid, afwykendes, gemeenskapsontwikkeling, werkverskaffingsdienste, beroepsvoortetting en gesondheidsdienste.

Om uitvoering te gee aan vooropgestelde welsynsprojekte, word programme met 'n vasgestelde speldatum beplan en implementeer. So byvoorbeeld is twee programme gedurende 1972 van stapel gestuur in 'n poging om die minimum lewenspeil van die landsburgers te verhoog. Aandag is onder meer geskenk aan onderwys/opleiding, werkverskaffing, mediese en gesondheidsdienste en behuisingslenings. Voortspruitend uit hierdie programme het die persentuele-verhouding van diogene wat onder die broodlyn gelewe het afgeneem van 3% in 1972 tot 0,6% in 1983.

Met programme van hierdie aard word die daadwerklike samewerking van alle betrokke staatsdepartemente verkry.

'n Aangeleentheid wat 'n belangrike rol speel in die welsynsbeleid van Taiwan is die kulturele opvatting dat die gesin nog deur die jare beskou word as die nukleüs van die samelewing. Die gesin is dus die basiese eenheid wat verantwoordelik is vir onder meer die versorging en beskerming van hulle bejaarde ouers, gestremde gesinslede en kinders. Die Staat sal slegs toetree indien aanvullende dienste benodig word of as die persoon geen familie het om na hom om te sien nie.

Ten slotte kan genoem word dat in alle gevalle van besluitneming op welsynsgebied, die overheid met die privaatektor saamwerk. Die sentrale regering is

verantwoordelik vir beleidsbepaling en finansiering terwyl die provinsies in samewerking met die privaatsektor hoofsaaklik verantwoordelikheid neem vir die uitvoering van die beleid. Die welsynsuitgawes in verhouding tot die totale staatsuitgawes het jaarliks toegeneem van 7,6% in 1963 tot 15,2% in 1983.

### **3.2 Bekostigbare bestaansbeveiligingsmaatreëls, welsyns- en ontwikkelingsdienste**

Verskeie skemas is oor die jare in werking gestel en verdere skemas word huidiglik beplan om progressief te voldoen aan nuwe behoeftes en om sodoende onnodige staatsuitgawes te besnoei. Die volgende bestaansbeveiligingsmaatreëls is huidiglik in werking:

#### **3.2.1 Maatskaplike versekering**

Hierdie versekeringskemas is van owerheidsweë ingestel primêr om die bevoordeeldes te vrywaar teen moontlike inkomsteverliese teweeggebring deur onvoorsiene gebeurlikhede; en sekondêr om staatsuitgawes te beteuel. Die hoof uitgangspunt is dat die individu (en die gemeenskap) in die eerste plek verantwoordelik is vir sy eie onderhoud. Die volgende skemas ressorteer onder hierdie kategorie:

##### **3.2.1.1 Arbeidsversekering (Labour Insurance Act)**

Alle werkers (staatsamptenare uitgesluit) tussen die ouderdomme 14-60 jaar is verplig om aan hierdie skema te behoort. Die volgende beroepsgroepe is by hierdie skema betrokke: Industrieë, mynbou, soutvelde, boerdery, bosnywerheid, suiker- en tee-plantasiewerkers, korporasies, pers, kulturele en openbare nutsmaatskappye en professionele verenigings. Enige werkgewer wat meer as vyf werknemers in diens het moet by hierdie skema inskakel.

Aan die einde van 1983 was 17% van die totale bevolking werksaam by 68 000 werkseenhede by die betrokke skema ingeskakel.

Die betaling van maandelikse premies word gedra deur die werker (20%) en die werkewer (80%). In gevalle waar daar nie 'n werkewer is nie, subsidieer die owerheid die premie per werker met 40%.

Die versekering maak voorsiening vir die volgende onkostes of toelaes: Bevallings, beserings, mediese dienste, ongeskiktheid, bejaardheid en dood.

### 3.2.1.2

#### Versekering vir Staatsamptenaare (Government Employees Insurance Act)

Hierdie wet is in werking gestel omdat die sentrale regering die lewensoronderhoud van staatsamptenaare wil beskerm. Alle staatsamptenaare is verplig om aan hierdie skema deel te neem. Aan die einde van Julie 1986 was 2,4% van die totale bevolking reeds verseker. Die premie bedra 9% van die amptenaar se maandelikse salaris waarvan die persoon self 35% betaal terwyl die staat 65% subsidieer. Die voordele verbondé aan hierdie skema is die volgende: Mediese onkostes in geval van siekte; beseringsonkostes; bevallingsonkostes; en kontant uitbetaling vir ongeskiktheid, bejaardheid, dood en begrafnis. Die kontant betalings geskied volgens aantal jare diens met 'n maksimum uitbetaling van 36 maande se salaris.

Hierdie skema met dieselfde voorwaardes en voordele is uitgebrei om die volgende groepe in te sluit te wete, 'n verpligte deelname deur onderwysers en administratiewe personeel van privaat skole (Statute for Insurance for Teaching and Administrative Staff of Private Schools); en 'n opsionele deelname deur afgetrede staatsamptenare (Retired Government Employees' Insurance).

Altesaam 0,2% van die bevolking is ingeskakel by bogenoemde twee skemas.

Afgesien van bogenoemde bestaansbeveiligingskemas, word voorsiening gemaak vir opsionele deelname aan verskeie gesondheidsversekeringskemas wat mediese onkostes dek. Die volgende groepe kan van hierdie versekerings gebruik maak: Afhanklikes van staatsamptenare; afgetrede staatsamptenare; eggenoot(e) van afgetrede staatsamptenare; en afgetrede personeel en hulle eggenoot(e) van privaat skole. In alle gevalle subsidieer die staat die premie met ongeveer een-derde.

### 3.2.1.3 Versekering vir studente en vissers

Gedurende 1968 het die owerheid 'n nege-jaar vry-onderwysprogram ingestel. In 1983 was 25,5% van die totale bevolking reeds by die onderwys ingeskakel. Om skoliere/studente teen mediese- en hospitaalonkostes te vrywaar, is 'n studente-sekerheidsversekeringskema in die lewe geroep. Die studente betaal 'n nominale premie vir die eerste semester terwyl die premie vir die tweede semester deur die Staat gesubsidieer word.

Die sekerheidsversekeringsprogram vir vissers. 'n Gedeelte van die premie word deur die werkgewer en vakunie betaal terwyl die Staat die balans subsidieer. 'n Totaal van 3% van die totale bevolking is by hierdie versekering betrek.

### 3.2.2 Publiekebystandskemas

Volgens die Taiwanese owerheid is 'n publiekebystandskema 'n noodsaaklike onderafdeling van die welsynsisteem veral in gevalle waar die maatskaplike versekering nie voldoende is om ten volle te kompenseer vir die gedeeltelike of algehele verlies van inkomste nie. Alhoewel maatskaplike-versekeringskemas effekief is en oor die algemeen aan die behoeftes van die meeste mense voldoen, is dit nie alomvattend genoeg om in almal se bestaansbeveiliging te alle tye te voldoen nie. Publiekebystand moet dus as 'n aanvullende hulpmiddel bykomend tot die tekortkominge van die bydraende versekeringskemas gesien word. Met ander woorde die twee skemas vul mekaar aan.

Die bystandskema maak voorsiening vir 'n bestaanubsidie, 'n mediese-hulpprogram en 'n nood- en rampfonds.

**3.2.2.1 Bestaanubsidie:** Geldelike hulp en/of ander noodsaaklike benodigdhede word aan lae-inkomste gesinne gegee om aan hulle 'n minimum lewenspeil te verseker. As gevolg van doeltreffende programme wat gereeld ingestel word met betrekking tot onderwys/opleiding, beroepsvoorligting, gesondheidsorg, behuising en versekeringskemas, is die proporsie lae-inkomste gesinne aansienlik verminder.

**3.2.2.2 Mediese hulpprogram:** Die owerheid het verskeie mediese klinieke op strategiese punte

tot stand gebring waar lae-inkomste gesinne vry mediese dienste kan ontvang.

3.2.2.3 Noodbystand: Bystand word verleen aan almal maar veral lae-inkomste persone wat tydelik in nood verkeer soos byvoorbeeld langdurige siekte, beserings as gevolg van ongelukke en families wat onder haglike omstandighede lewe.

3.2.2.4 Rampbystand: Aangesien Taiwan in 'n semi-tropiese gebied geleë is, is hierdie land deurentyd blootgestel aan tifone en aardskuddings wat aanleiding kan gee tot lewens- en eiendomsverlies. Ander soorte rampe wat ook voorkom is onder meer oorstromings, brande en mynrampe. Slagoffers van rampe word bygestaan met voedsel en geldelike hulp totdat hulle weer eens selfversorgend kan wees.

### 3.2.3 Welsynsdienste wat betrekking het op bestaansbeveiliging

Aanvullend tot versekeringskemas en bystandskemas word die volgende hulpdienste genoem:

3.2.3.1 Bejaardesorg: Die verhouding bejaardes tot die totale bevolking het toegeneem van 2,5% in 1961 tot 4,6% in 1983. Soos vroeër genoem word aanvaar dat die versorging van bejaarde ouers primêr die verantwoordelikheid van hulle kinders en ander familielede is. Trouens, kinders waardeer en respekteer hulle bejaarde ouers tot so 'n mate dat dit as 'n skande beskou sal word indien 'n bulte instansie hulle versorging op enige wyse sou moes waarneem. Selfs die owerheid en die gemeenskap bewys

hulle eerbied en agting vir bejaardes deur vir persone 70 jaar en ouer die vryheid van alle gemeenskapsgeriewe te gee. Bejaardes sonder familie of in gevalle waar dit duidelik is dat hulle nie voldoende versorging geniet nie, word deur die Staat gratis in tehuis onderhou. Heelwat word ook gedoen ten opsigte van vry mediese dienste aan alle bejaardes.

**3.2.3.2 Versorging van kinders:** Soos in die geval van bejaardes, is kinders primêr die verantwoordelikheid van hulle ouers of ander familielede. Verskeie hulpdienste word aan kinders en hul moeders, veral lae-inkomste gesinne gebied in 'n poging om aan die kind die nodige potensialiteite te verseker om tot 'n normale volwassene te ontwikkel. In die verband word in die besonder verwys na dagsorgfasiliteite, gesondheidsklinieke en voorligtingsdienste. Gestremde kinders ontvang spesiale aandag in die vorm van versorging, opvoeding, rehabilitasie en werkswinkels. Soos in die geval van weeskinders, word lenings vir verdere onderwys toegestaan en word gratis akkommodasie in tehuis gebied.

**3.2.3.3 Gestremdesorg:** Volgens statistiese gegewens blyk dit dat minder as 1% van die bevolking erg gestremd is. Waar prakties moontlik word gestremdes voorsien van onderwys/opleiding, mediese dienste, rehabilitasieprogramme, beroepsvoorligting, werkplasing, ens. Die hoofdoelstelling is om die gestremde tot onafhanklikheid te lei.

- 3.2.3.4     Werknemers: Programme word op ongeskoolde arbeiders toegespits waar Werknemershulpprogramme in samewerking met die owerhede opleidingskursusse en ander ondersteunende dienste aanbied. Ruim voorsiening word ook deur die owerhede gemaak ten opsigte van behuisingslenings.
- 3.2.3.5     Gemeenskapsontwikkeling: Programme met die oog op die algehele verbetering van die lewenskwaliteit van die mens, vorm 'n integrale deel van die welsynsbeleid. Gemeenskapsontwikkeling is in werklikheid die voorkomende- en bevorderingsmeganisme om welsynsprobleme te onderdruk, welstand meer eweredig te versprei en onnodige staatsuitgawes op die langtermyn te beteuel. Heelwat word onder meer gedoen met betrekking tot die herstel en oprigting van wonings, daarstelling van die nodige infrastrukture, doelgerigte welsyns- en gesondheidsdienste, beroepsvoorligtings- en werkverskaffingsprogramme, ens.

### 3.3 Gevolgtrekking

Die welsynsbeleid van die Republiek van Sjina handhaaf drie beginsels te wete:

- (I) Dat die gesin as kerneenhed van die gemeenskap primêr verantwoordelik is vir die welsyn van hulle eie ledeveral vir bejaardes en gestremdes.
- (II) Dat die gemeenskap in samewerking met die Staat, werkgewers en vakunies voorsiening behoort te maak vir hulle werknemers se oudag of enige ander gebeurlikhede wat hulle welsyn mag benadeel.

(III) Dat die Staat (in samewerking met gemeenskapsinstellings) alleenlik toetree tot hulpverlening indien alle vorige pogings onvoldoende of ontoereikend was. Programme word ook stelselmatig deur die owerheid geïmplementeer om die lewenskwaliteit van hulle inwoners te verhoog om sodoende maatskaplike probleemsituasies te voorkom.

Dit is duidelik dat die Staat doelbewuste pogings aanwend om toe te sien dat alle landsburgers mettertyd sal deel in die welstand van hierdie ontwikkelende land. Om hierdie rede geld die beginsel dat elke mens verantwoordelikheid neem vir sy eie lewe en nie in 'n afhanklikheidsposisie moet beland nie. Op hierdie wyse word onnodige welsynsuitgawes beteuel en kan hierdie fondse voordeeliger benut word vir voorkomende en bevorderende dienste waarby die hele gemeenskap weereens kan baat.

Die versekeringskemas wat prominent deel vorm van die welsynsbeleid, is van uiterste belang om die volgende redes:

- (I) Die Staat (wetgewing) is betrokke by hierdie skemas. Mense word verplig om aan hierdie skemas te behoort wat op die langduur tot voordeel sal strek van beide die ontvanger van die voordele asook die Staat.
- (II) Werkgewers word verplig om ook hulle deel by te dra tot die welsyn van die gemeenskap.
- (III) Die eiewaarde van die mens word verder ingeskrap deurdat hy besef dat hyself voorsiening moet maak vir moontlike toekomstige gebeurlikhede wat sy lewenstandaard kan benadeel en sy selfstandigheid kan ondermyne.

Ten slotte was dit opmerklik gewees dat die mense van Taiwan nie onder die indruk verkeer dat die Staat iets aan hulle verskuldig is nie. Deurgaans is gevind dat hulle dankbaar is vir dit wat die gemeenskap (Staat) vir hulle bied en beteken.

Om hierdie rede is hulle begerig om 'n teenprestasie te lewer in die vorm van ruim donasies en die beskikbaarstelling van hulle dienste.

#### 4. BEKOSTIGBARE BESTAANSBEVEILIGINGSMAATREËLS IN JAPAN

##### 4.1 Inleiding

Die bevolking van Japan is volgens die 1985 sensus 121 miljoen waarvan 9,7% mense hulle in Tokio bevind. Die land beslaan 2 156 km<sup>2</sup> wat 'n algemene digtheid van 320 persone per vierkante kilometer gee en 5 500 persone per vierkante kilometer in Tokio.

Artikel 25 van Japan se konstitusie het betrekking op welsyn en konstateer die volgende: Alle mense moet die reg hê om 'n minimum lewenstandaard te kan handhaaf; die Staat is verplig om alle moontlike stappe te neem om maatskaplike welsyn te bevorder en uit te brei; en bestaansbeveiligingsmaatreëls en gesondheidsdienste moet sodanig gevestig word om alle moontlike aspekte van die menslike lewe te omsluit.

Welsynsdienstlewering is die verantwoordelikheid van beide die openbare en vrywillige-welsynsinstansies. Die welsynsopdrag van die owerhede word waargeneem deur die sentrale regering asook plaaslike (provinciale) owerhede. Die Ministerie van Gesondheid en Welsyn beskik oor twee komponente te wete maatskaplike welsyn en kinder- en gesinsorg, om uitvoering te gee aan hulle welsynsopdrag. Plaaslike owerhede weereens is verantwoordelik vir die funksionering van streekwelsynskantore, kinderleidingklinieke en rehabilitasiesentrums. Private welsynsorganisasies lewer goedgekeurde welsynsdienste ten behoeve van die sentrale regering.

Welsynsutgawes per se verteenwoordig 2,6% van die nasionale uitgawes wat jaarliks ongeveer 31 biljoen Amerikaanse dollars bedra.

Welsynsdienstewering kan volgens 'n Japanese woordvoerder in twee hoof-afdelings verdeel word te wete, finansiële ondersteuning en persoonlike dienslewering. In kort kom dit daarop neer dat die welsynsisteem as doelstelling het om aan alle mense 'n minimum lewenstandaard te verseker en gepaard hiermee selfstandigheid aan te moedig en te bevorder.

#### 4.2 Bekostigbare Bestaansbeveiligingsmaatreëls, welsyns- en ontwikkelingsdienste

Bestaansbeveiliging soos dit toepassing vind in Japan kan in werklikheid in drie hoof-afdelings verdeel word te wete, finansiële ondersteuning deur die owerhede; die daarstelling en finansiering van programme deur die owerhede en werkgewers om groter selfstandigheid by die mense teweeg te bring; en statutêr-ontwerpte-versekeringskemas om 'n groter verantwoordelikhedsbesef by die gemeenskap in te skerp.

##### 4.2.1 Finansiële ondersteuning deur die Staat

Die Publieke-bystandskema onderskryf die volgende fundamentele beginsels:

- (i) Dit is 'n nasionale verantwoordelikheid om te verseker dat alle landsburgers sal voldoen aan minimum lewenstandaarde. Hulpverlening geskied volgens individuele behoefte en word gegee op voorwaarde dat die begunstigde aangemoedig word om tot onafhanklikheid te ontwikkel.
- (ii) Elke persoon moet, indien hy bystand benodig, die reg en vrymoedigheid hê om van hierdie hulp gebruik te maak. Ten spyte van die hulpverlening moet toegesien word dat die begunstigde sy menswaardigheid behou.

- (iii) Om 'n minimum lewenstandaard te waarborg moet die skema nie slegs voorsiening maak vir die primêre lewensbehoeftes nie, maar ook basiese vereistes soos onderwys, medieseorg, ens. insluit.
- (iv) Die bystandskema moet as 'n aanvullende ondersteuningsdiens gesien word. Om hierdie rede moet die begunstigde alle moontlike pogings aanwend om eers op ander wyses geholpe te raak voordat hy om hulp aansoek doen.
- (v) Die onus berus op die noodlydende om self aansoek te doen en sy noodtoestand te bewys.

Die Minister van Gesondheid en Welsyn bepaal standarde waarvolgens hulp verleen sal word. Elke aansoeker se omstandighede word volgens die voorgeskrewe standarde gemeet wat onder meer die volgende riglyne insluit: Inkomstes en bates; grootte van die gesin; ouderdomsverspreiding van die gesinslede en gesondheidstoestand van die aansoeker.

Bystand volgens hierdie skema sluit die volgende hulpskemas in:

- (i) Lewensorghoud: Ingesluit hierby is basiese benodigdhede en lewensmiddelle.
- (ii) Onderwysbystand: Skoolbenodigdhede en selfs skoolmaaltye word voorsien.
- (iii) Behuisingshulp: Finansiële ondersteuning word gegee om huurgelde te betaal of 'n bestaande woning na behore te herstel.
- (iv) Mediese bystand: Voorsiening word gemaak of onkoste word betaal in gevalle waar die begunstigde

of enige van sy gesinslede siek word of beserings opdoen en mediese hulp of hospitalisasie benodig.

- (v) **Bevallingshulp:** Bevallings wat nie bekostig kan word nie, kan deur hierdie skema gedra word.
- (vi) **Beroepsbystand:** In 'n poging om die persoon tot selfstandigheid te bring, maak die skema voorsiening vir finansiële hulp om 'n eie besigheid te begin; vir onkostes in verband met beroepsopleiding; of ander kostes ter voorbereiding van die aanvaarding van 'n beroep soos klere, spesiale gereedskap, ens. Skoolverlaters kan ook onder meer van laasgenoemde hulpskema gebruik maak.
- (vii) **Aftrekkinsisteem:** Publieke bystand impliseer oor die algemeen gesinne met geen of 'n onvoldoende inkomste. In die verband word ook voorsiening gemaak vir persone wat werk en 'n sogenoamde voldoende inkomste verdien. Met die aftrekkinsisteem word van die uitgangspunt uitgegaan dat om te werk addisionele uitgawes meebring. Die middeletoets word dus aangepas om werkers behulpsaam te wees wat as gevolg van werksomstandighede soos duurder vervoerkostes, hulp benodig om ook te voldoen aan die minimum lewenstandaard.

Huidiglik maak ongeveer 1,1/2 miljoen mense van publieke bystand gebruik. Dit blyk egter volgens statistiese gegewens dat die getal begunstigdes van hierdie hulp betekenisvol afgeneem het. In 1952 het 17,9 persone per duisend van die bevolking publieke bystand ontvang teenoor 12,0 persone in 1984\*. Die afname moet hoofsaaklik

---

\* Vergelykende syfers vir ander lande is soos volg: Brittanje 127; V.S.A. 62; Wes-Duitsland 40; en Swede 57.

toegeskryf word aan die tegnologiese ontwikkeling van Japan, doeltreffende gemeenskapsdienste en die handhawing van kulturele opvattings. Verdere gegewens dui daarop dat gesinne wat reeds 'n agterstand in die lewe het, swaarder op die Staat leun vir hierdie tipe hulp. In 1983 byvoorbeeld het 32,3% van die huishoudings met bejaarde persone aan die hoof, 13,5% van die vaderlose huishoudings en 44,6% huishoudings waar die broodwinner chronies siek of gestremd was, van hierdie skema gebruik gemaak.

#### 4.2.2 Kinder- en gesinsorg

Volgens die Kinderwet is die volgende hulpskemas beskikbaar:

- (I) Ruim voorsiening word gemaak vir voorskoolse fasiliteite om die las van werkende moeders te verlig of om kleuters beter voor te berei vir die gewone skool. Bywoningskostes word op 'n gelyskaalstelsel bereken. Die Staat subsidieer geldelike tekorte aan die skole. Voorskoolse fasiliteite word van soveel belang geag dat die owerhede driekwart van die oprigtingskostes daarvan self dra.
- (II) Lenings aan vaderlose gesinne word beskikbaar gestel met die volgende oogmerke: om 'n besigheid te begin; onderwys van kinders; beroepsopleiding; voorbereiding vir indiensplasing; mediese- en gesondheidsdienste; huisvesting; en onkostes met die aangaan van 'n tweede huwelik.
- (III) Finansiële bystand word op verskeie wyses aan enkelouers verseker:
  - Pensioenvoordele: Waar 'n vader van 'n gesin sou sterf, word 'n pensioen aan sy eggenote

betaal afkomstig van die Oorlewende Pensioenskema (Survivor's Pension Plan or the Employee's Pension) of van die Moeder en Kind Welsynspensioen. Laasgenoemde pensioen tree in werking indien die broodwinner nie gedurende sy leeftyd lid was van 'n bydraende pensioenskema nie. Vanaf 1986 is albei bovenoemde pensioenskemas in een enkele skema geïnkorporeer en staan nou bekend as die Basiese-oorlewingspensioen.

- **Kinder grootmaak- (Child Rearing) bystandskema:** Hierdie skema is van toepassing by egskeidingsgedinge waar die moeder met kinders nagelaat word met 'n onvoldoende inkomste.
  - **Bykomende betalings aan begunstigdes van Publieke-bystand:** Bykomende betalings is moontlik aan vaderlose gesinne om hulle sodoende in staat te stel om 'n beter lewenstandaard te handhaaf.
  - **Belastingaftrekings:** Verskeie belastingtoegewings word gemaak vir vaderlose gesinne.
- (iv) **Gesondheidsdienste aan moeder en kind:** Omvattende gesondheidsdienste in die vorm van strategies-geplaasde klinieke is landswyd tot stand gebring om die gesondheid en potensiële welstand van moeder en kind te verseker. Die doeltreffendheid van hierdie diens word onder meer weerspieël in die kindersterfesyfer wat slegs 6,0 in 1985 was.

#### 4.2.3 Gestremdesorg

Volgens statistiese gegewens is 3,5 miljoen persone erg gestremd. Die Fundamentele Wet vir teenmaatreëls met betrekking tot Gestremde Persone (1970) omsluit alle vorige wetgewings wat betrekking op gestremde persone gehad het. Die volgende hulpskemas is tot die beskikking van gestremde persone:

- (i) Finansiële bystand: Gestremdes soos dit die geval is met die algemene publiek, kan vir Publieke-bystand kwalifiseer. Dit is gevind dat 4,94% van alle gestremdes in teenstelling met 1,23% van die totale bevolking kwalifiseer en gebruik maak van hierdie toegewing.
- Benewens eersgenoemde moontlikheid ontvang die ouers van 'n gestremde kind onder die ouderdom van 20 jaar ook 'n toelae afkomstig van die Spesiale Kindergrootmaak-toelae.
- (ii) Selfhelp-toerusting: Tegniese hulpmiddels, spesiaal-ontwerpte baddens, kommunikasie-hulpmiddels, ens. word aan gestremdes geleent of gratis verskaf. Lenings word ook verskaf vir die aanpassing van wonings om aan die gestremde inwoners 'n voordeeliger lewensomgewing te verseker.
- (iii) Tuishulp: Aan lae-inkomste gesinne met gestremde kinders word gratis tuishulp gegee terwyl gesinne wat hierdie diens benodig en dit kan bekostig self daarvoor moet betaal.
- (iv) Gemeenskapsverantwoordelikheid: Gedurende 1986 is die Nasionale Pensioenskema gewysig om 'n toelae vanuit hierdie fonds aan alle gestremde persone te verseker. Die rationaal vir hierdie wysiging is dat

die gemeenskap saam met die owerhede verantwoordelik is vir die versorging van gestremdes.

#### 4.2.4 Bejaardesorg

Spesifieke finansiële voorsiening vir bejaardes word nie in die Wet vir die Welsyn van Bejaardes omskryf nie. Ruim voorsiening word egter gemaak om aan bejaardes 'n sinvolle en gesonde lewe te verseker. Die volgende dienste is aan bejaardes beskikbaar; omvattende gesondheidsdienste soos byvoorbeeld gereelde mediese ondersoeke; deelname aan voorligtingsgroepe; beroepsvoorligting; en inskakeling by beskutte werkswinkels.

#### 4.2.5 Rampverligting

Kragtens die Rampverligtingswet word voorsiening vir die volgende hulpdienste gemaak: Tydelike huisvesting; verskaffing van voedsel en drinkwater; voorsiening van klere en beddegoed; mediese en verloskundige dienste; redding van slagoffers; dringende herstel van wonings; verskaffing van skoolbenodigdhede; begrafnisvoorsiening; ens. In gevalle van dood of ongeskiktheid as gevolg van 'n ramptoestand, word 'n sogenaamde simpatie-betaling gemaak. Lenings word ook aan persone beskikbaar gestel om hulle lewenstandaard te bring op die perk soos dit was voor die ramp.

### 4.3 Maatskaplike-versekeringskemas

Gemeenskapsinstellings soos werkgewers in samehang met die owerheid maak voorsiening vir die volgende bydraende versekeringskemas:

4.3.1 Pensioenskemas: Ingesluit by hierdie skemas is die Werknemerspensioen, Seemanneversekering, Nasionale Staatsamptenare-onderlinge-hulpvereniging, Private

Skool-versekering, Landbou-, Bosbou- en Visseryeversekering, ens. Maandelikse premies is die gesamentlike verantwoordelikheid van die versekerde, die Staat (gedeelte van die premie word gesubsidieer) en die versekeringsmaatskappy (winst wat deur die maatskappy gegenereer word, word vir premie doeleindes aangewend). Al bogenoemde skemas, alhoewel nie in alle opsigte gelykwaardig nie, waarborg 'n inkomste aan die versekerde van ongeveer drie-kwart van sy jongste salaris betaalbaar oor 'n periode van ten minste vyf-en-twintig jaar.

#### 4.3.2 Werkloosheid- en beroepsversekering

Werkloosheidsversekering word slegs betaal aan persone wat waaragtig werkloos is. Met ander woorde die wil om te werk moet by die persoon teenwoordig wees. Later is die beroepsversekering by eersgenoemde versekering gevoeg om voorsiening te maak vir: maatreëls om werkloosheid te voorkom; die verbetering van werkstrukture; die ontwikkeling van werkers se bekwaamhede; en die bevordering van die werkers se algemene welsyn.

Die voordele verbonde aan die werkloosheidsversekering is dat die begunstigte (seisoenwerkers uitgesluit) 60-80% van sy jongste salaris ontvang vir 'n periode bereken volgens sy ouderdom en aantal diensjare. Seisoen- en bejaardewerkers ontvang 'n tydelike toelae tydens werkloosheid.

#### 4.3.3 Werksbevorderingsprogramme

As gevolg van die invloed van die huidige ekonomiese situasie is vier programme ontwerp in 'n poging om die kwantiteit en kwaliteit van werknemers te verhoog. Die vier programme is soos volg:

Werkverskaffingstabiliteitsprogram: werkverskaffingsverbeteringsprogram; bekwaamheidsontwikkelingsprogram; en

werknemerswelsynsprogramme. Met behulp van hierdie programme is doeltreffender beroepsopleiding en bekwaamheidsontwikkeling van werkers teweeggebring terwyl werkers volgens ouerdom, streek en tipe industrie voordeliger versprei is. Genoemde programme word ten volle deur werkgewers gefinansier terwyl die owerhede behulpsaam is met beperkte subsidies en skenkings. Aanvullend hierby word werkgewers aangemoedig, en hulle reageer reeds gunstiglik hierop, om voorsiening te maak vir die behuising (veral huiseienaarskap), gesondheidsdienste, dagversorgingsoorde, pensioenvoordele, ens. vir hulle werknemers.

#### 4.4 Gevolgtrekking

Die welsynsysteem van Japan is daarop ingestel om aan al hulle inwoners 'n minimum lewenstandaard te verseker. Sorg word egter deurgaans geneem om te voorkom dat mense in 'n afhanklikheidsposisie beland. Om hierdie rede word die volgende uitgangspunte streng nagekom:

- (I) Elke individu is verantwoordelik vir sy eie/gesin se lewensoronderhoud. Elkeen moet ook daarna streef om sy eie lewenstandaard te verhoog deur gebruik te maak van sy eie potensiaal en/of die verskeie ontwikkelingsprogramme wat tot sy beskikking is.
- (II) Die gemeenskap het naas die individu en die Staat ook 'n definitiewe opdrag om strukture daar te stel wat tot voordeel van die totale gemeenskap sal strek. Hierdie mede-verantwoordelikheid kom tot uiting in die onderskeie versekeringskemas, beroepsontwikkelingsprogramme en ander hulpdienste soos behuisingsvoorsiening en die voorsiening van dagsorgfasilitete.
- (III) Die Staat handhaaf 'n gebalanseerde siening ten opsigte van welsynsdienstlewering deur eerstens alle vorme van hulp

te gee waar dit dringend benodig word en tweedens deur verskeie skemas en programme te vestig, inisieer of borg ter bevordering van die mens se lewensomstandighede.

Die sukses van die welsynsbenadering word weerspieël in die drastiese afname van begunstigdes van publieke bystand (genoemde syfer is ook heelwat laer as die vir ander westerse lande) asook die gunstige kindersterftesyfer.

Dit is verder insiggewend om daarop te let dat mense nie outomaties of vanselfsprekend aanspraak kan maak op bystand nie - asof die Staat of gemeenskap iets aan hulle verskuldig is nie. Die mens is en bly dwarsdeur sy bestaan verantwoordelik vir homself, sy afhanklikes en die gemeenskap. Met ander woorde mense word tot die besef gebring dat hulle mede-verantwoordelik is vir die welstand en ontwikkeling van hulle eie gemeenskap. In hierdie proses ontduiik die Staat nie sy verpligtinge nie, maar tree deurgaans op as middelaar, instaatsteller en beskermer.

## 5. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

- 5.1 In die lande wat ondersoek is, is gevind dat die kulturele opvatting van die mense 'n belangrike invloed uitoeft op die welsynsopvattinge en welsynsbeleid. Die individu self sal nie maklik welsynshulp aanvaar nie. Persone sal eers alles in hulle vermoë doen om in hulle eie behoeftes te voorsien voordat daar om eksterne hulp aangevra word. Die gesin word as die nukleüs van die samelewning beskou. Die gesin as basiese eenheid is onder meer verantwoordelik vir die versorging van hulle eie gesinslede, onder meer ook hulle bejaarde ouers, gestremdes en kinders. Trouens, dit kan onder meer genoem word dat kinders hulle bejaarde ouers tot so 'n mate waardeer en respekteer dat hulle dit as 'n skande beskou indien 'n buite instansie op enige wyse die versorging van hulle bejaarde ouers moet waarneem. Die Staat sal slegs toetree indien aanvullende dienste benodig word of as die persoon geen familie het om na hom om te sien nie.

Met ander woorde die owerheid het slegs 'n oorhoofse verantwoordelikheid.

Ten spyte daarvan dat bogenoemde beginsel deel vorm van die Suid-Afrikaanse welsynsbeleid, word dit nie sodanig uitgeleef nie. Gesinsverantwoordelikheid word onder meer ondermyne deur die bestaande bestaansbeveiligingsmaatreëls waarvolgens persone sonder inagneming van moontlike gesinsbydraes kan kwalifiseer vir pensioene of toelaes. Beleidsrigtings soos die behuisingsbeleid asook faktore soos die trekarbeid van Swartmense dra veel by tot die verbrokkeling van die uitgebreide gesinstelsel en moontlik gepaard hiermee gesinsverantwoordelikheid.

Alle faktore en beleidsrigtings wat moontlik 'n bydraende rol kan speel in die vermindering van gesinsverantwoordelikheid moet deeglik ondersoek en indien nodig gewysig word in 'n poging om die Staat (gemeenskap) se totale aanspreeklikheid te verminder of te vervang.

**5.2 'n Navolgingswaardige stelsel wat in genoemde lande gevind is, is die wyse waarop die welsynsbeleid jaarliks aangepas en vyfjaarliks in sy totaliteit hersien word om sodoende progressief by gemeenskapsbehoeftes en -middele aan te pas. Die Hoofdirekteur: Welsynsdienste is beklee met besondere magte deurdat hy dienste en beleidsbepalings te eniger tyd kan wysig indien omstandighede dit sou vereis.**

Die voorgestelde Staatsbestel soos dit huidiglik in Suid-Afrika vorm aanneem, bestaan reeds by genoemde lande te wete dat die sentrale regering verantwoordelik is vir beleidsbepaling, koördinasie, monitering en finansiering terwyl die provinsies in samewerking met die privaat sektor verantwoordelik is vir die uitvoering van die beleid.

Die welsynsbeleid van die betrokke lande is ten volle gebalanceerd deurdat hulpdienste in alle gevalle gepaard gaan

met voorkomende en ontwikkelende dienste. Klem word veral op laasgenoemde diens geplaas deurdat besef is dat indien persone tot selfstandigheid geleid kan word, die Staat se aandeel geleidelik sal afneem.

Verdere uitgangspunte wat van besondere belang is, is dat welsynsbeplanning en dienslewering sover dit prakties moontlik is oorsaak-effektief is en dat alle welsynstelsels ten volle vereenvoudig is. Met betrekking tot oorsaak-effektiwiteit word die werklike probleme aangespreek en hanteer. Hier teenoor blyk dit dat die welsynsbenadering in Suid-Afrika metode-gerig is en dat die werklike probleemsituasies, voorkomende en bevorderende dienste agterweë gelaat is. Hierbenewens is die welsynsopset hier ter lande struktureel te ingewikkeld terwyl sommige vereistes en procedures soos die middeleetoets te omvattend en omslagtig van aard is.

In die lig van bovenoemde word aan die hand gedoen dat:

- i) die Suid-Afrikaanse welsynsbeleid, insluitende bekostigbare bestaansbeveiligingsmaatreëls jaarliks aangepas word om tred te hou met maatskaplike veranderinge hier ter lande;
- ii) die welsynsbestel sy beslag vind in oorsaak-effektiwiteit om sodoende die behoeftes van die dag wel deeglik te identifiseer, te ontleed en aan te spreek;
- iii) die welsynstelsel en procedures heelwat vereenvoudig word om effektiwiteit te bevorder en onnodige burokratiese werkswyses uit te skakel.
- iv) die gemeenskap doelbewus tot selfstandigheid geaktiveer word. Met ander woorde dat daar 'n klemverskuwing teweeg gebring word van blote kuratiewe en versorgingsdienste na voorkomende en bevorderende dienste waarby die gemeenskap in sy geheel betrokke raak.

5.3 Die welsynsisteem van genoemde lande het as doelstelling om aan alle mense 'n minimum lewenstandaard te verseker en gepaard hiermee selfstandigheid en menswaardigheid aan te moedig en te bevorder. Die beginsel van selfstandigheid en menswaardigheid word duidelik in al hierdie lande se welsynsbeleid weerspieël te wete, 'n gesonde balans tussen versorging aan die een kant en voorkomings- en bevorderendedienste aan die ander kant. Die klem word veral op bevorderendedienste geplaas. Verskeie ontwikkelingsprogramme wat ontwerp en in werking gestel word, het ten doel om afhanklikheid met gepaardgaande materiële hulpverlening te voorkom.

Afgesien van die meer bekende programme soos werkverskaffingsprojekte, beroepsvoorligting, voorbereiding vir bejaardheid, ens., bestaan daar 'n aantal navolgingswaardige projekte waarvan die volgende enkele voorbeeld is:

- i) Die owerhede tree nie beperkend op ten opsigte van privaat inisiatiewe nie. Hoe eenvoudig of gering die onderneming wat deur 'n individu in die vooruitsig gestel word ookal mag wees, word dit ondersteun veral omdat besef word dat dit moontlik die ondernemer selfversorgend sal kan maak. In Suid-Afrika word die ondernemingsgees van talle inwoners gedemp as gevolg van beperkende en onbeduidende wetgewing.
- ii) In genoemde lande is wetgewing gepromulgeer waarvolgens onbenutte grond opgemeet en aan behoeftige en potensiële boere geskenk word om sodoende aktiewe boerdery te bevorder, mense tot onafhanklikheid te lei, en die verstedelikingsproses teen te werk.

Aanvullend hierby word boerdery-opleiding gegee, plaastoerusting word verskaf, markte vir die verkoop van produkte word geskep en huisnywerhede word aangemoedig. Veral in Suid-Afrika waar 'n groot aantal grondeienaars asook afhanklike potensiële boere hulle in stede en dorpe

bevind, kan 'n soortgelyke stelsel van onskatbare waarde wees.

- III) Werkloosheid soos veral in Thailand gevind is, word tot voordeel van die gemeenskap omskep. Die sentrale regering stel fondse beskikbaar vir die aankoop van materiaal terwyl die goedkoop arbeid van werkloses benut word om die infrastrukture en behuisingsbehoeftes van veral plattelandse gebiede te bevorder. Hierdie skema wat ook reeds gedeeltelik in Suid-Afrika aangedurf is, bevat twee inherente voordele te wete: Eerstens werkverskaffing aan werkloses en tweedens gemeenskapsontwikkeling deur middel van selfhelpskemas.
- IV) Ten spyte daarvan dat voldoende inrigtingsversorging aan 'n verskeidenheid behoeftige persone beskikbaar gestel word, word die blote versorgingsopdrag ondergeskik gestel aan konstruktiewe ontwikkelingsprogramme. Afgesien van die inwoners se ouderdom, lewensagterstand of maatskaplike afwyking, word doelbewuste pogings aangewend om hulle tot selfstandigheid te lei deur middel van beroepsopleiding en moontlike indiensplasing.

In die opleiding van inrigtingsbewoners word onder meer ook voorsiening gemaak vir daardie beroepe soos byvoorbeeld haarkappers waarvoor daar in die betrokke lande 'n tekort bestaan.

- 5.4 Dit is welbekend dat die Staatsuitgawes hier ter lande proporsioneel tot die totale landsuitgawes huidiglik te hoog is. Selfs op welsynsgebied is die Suid-Afrikaanse begroting ten minste dubbel die van enige van die lande wat ondersoek is. Hierdie toedrag van sake skep die gevaar dat hierdie land vinnig besig is om in 'n welsynstaat te ontwikkel. Om hierdie rede is dit nodig om dringend aandag aan effektiewe privatisering te gee.

Ten spyte daarvan dat fondsinsamelingsmetodes van verskeie oopnute benader word, blyk dit dat 'n proporsionele plafon reeds bereik is. Wanneer gekyk word na welsynsfinansiering soos dit in die onderhawige lande bestaan, is dit duidelik dat hulle met oorskot fondse opgeskeep is. Soos onder meer in die teks uitgewys, word behoeftige mense deur televisieflitse uitgenooi of deur mobiele-eenhede opgespoor en aangemoedig om van die hulpdienste wat onder meer finansiële ondersteuning insluit, gebruik te maak. Verskeie faktore soos onder meer die kulturele opvattinge en bevorderende welsynsdienste is hiervoor verantwoordelik.

'n Ander faktor wat ook 'n belangrike rol speel is die groot somme geld vir welsyn wat deur middel van trustfondse en loteryfondse gegenereer word. Deelname aan 'n loteryfonds skep by die mens die verwagting om iets te wen terwyl die deelname aan die lotery ook aan hom die tevredenhed en versekering gee dat die geld vir 'n goeie doel aangewend word. In Suid-Afrika word hierdie metode van fondsinsameling gefragmentéerd en sporadies toegepas. Moontlik, veral in die vinnig veranderde tydsbestek waarin Suid-Afrika hom huidiglik bevind, is dit die aangewese wyse waarop fondsinsameling sentraal en op 'n georganiseerde wyse vir welsynsdoeleindes ingesamel kan word.

In 'n poging om welsynsfinansiering tot 'n groter mate te privatiseer word die volgende twee aanbevelings gemaak:

- i) Eerstens die instelling van 'n sentrale loteryfonds wat op 'n gereelde basis fondse vir welsynsdoeleindes kan genereer.
- ii) Tweedens die vestiging van streekgemeenskapskaste wat op 'n gekoördineerde en gereelde wyse maatskappye en werkers betrek om hulle maatskaplike verantwoordelikhede in die vorm van geldelike bydraes na te kom.

5.5 Bystandskemas wat resorteer onder bekostigbare bestaansbeveiligingsmaatreëls soos dit in die onderskeie lande bestaan, omvat die volgende kenmerke:

- I) Hierdie skemas word as 'n aanvullende hulpmiddel bykomend tot die huidige tekortkominge van bydraende versekeringskemas gesien.
- II) Bystandskemas is nie 'n reg nie maar wel 'n voorreg. Om hierdie rede word dit van die voorgenome begunstigde verwag om eers alle moontlike pogings aan te wend om eers op ander wyses geholpe te raak voordat hy om hulp aansoek doen.
- III) Afsonderlike voorsiening word nie vir spesiale groepe mense gemaak soos onder meer gestremdes of bejaardes nie. Indien 'n persoon/gesin om watter rede ookal onder die broodlyn lewe, kan hulle om bystand aansoek doen. Die rasional vir hierdie bepaling is die kulturele opvatting dat die individu of gesin primêr verantwoordelik is vir hulle eie en/of gesinslede se versorging.
- IV) Die stelsel of middeleetoets om vir 'n toelae te kwalifiseer is ten volle vereenvoudig. So byvoorbeeld vir 'n gesin om te kwalifiseer vir Publiekebystand, word bloot die inkomste en besparings van al die gesinslede bymekaar getel en daarna afgetrek van die heersende minimum bestaansvlak. Die verskil tussen die twee bedrae is die toelae wat maandeliks betaalbaar is. Elke aansoek word deeglik deur professionele maatskaplike werkers ondersoek terwyl die onus op die aansoeker rus om sy behoeftte bewys.
- V) Bystandskemas en in die besonder publiekebystand of noodhulpskemas soos dit in Suid-Afrika bekend staan, is alomvattend van aard om alle moontlike behoeftes te omsluit. So byvoorbeeld, afgesien van die maandelikse

bestaanstoelae, word op meriete voorsiening gemaak vir onder meer medies-goedgekeurde-diëte, skoolverbandhoudende uitgawes, noodsaaklike vervoerontkostes en onkostes met betrekking tot die bewaring van kinders. Heelwat aandag, voordele en finansiële bystand word aan enkelouers gemaak soos onder meer pensioenvoordele, kindergrootmaakbystand en gesondheidsdienste.

In samehang met bestaansbeveiligingsmaatreëls, moet melding gemaak word van die onderskeie versekeringskemas wat met groot sukses, veral in Taiwan en Japan, toegepas word. Hierdie versekeringskemas wat ook prominent deel vorm van die welsynsbeleid, is van kardinale belang om die volgende redes:

- I) Die Staat veral deur middel van wetgewing is betrokke by hierdie skemas. Mense word verplig om aan hierdie skemas te behoort wat op die langduur tot voordeel strek van beide die ontvanger van die voordele asook die Staat.
- II) Werkgewers word verplig om ook hulle deel by te dra tot die welsyn van die gemeenskap.
- III) Die eiewarde en selfrespek van die mens word verder ingeskerp deurdat hy besef dat hyself voorsiening moet maak vir moontlike toekomstige gebeurlikhede wat sy lewenstandaard kan benadeel en sy selfstandigheid kan ondermyne.

Dit word aanbeveel dat:

- I) bestaansbeveiligingsmaatreëls aangevul word deur wetlik beheerde en gekoördineerde versekeringsfondse wat van toepassing is op die totale werkerskorps.
- II) toelaes en pensioene met groter oorleg en na 'n deeglike ondersoek en op meriete uitbetaal word; die middeletoets heelwat vereenvoudig word; en die basiese toelae aangevul

word deur finansiële toegewings om ander gespesifiseerde noodsaaklike uitgawes te dek.

- III) 'n Deeglike ondersoek onderneem word om te bepaal of die bestaande vereistes om te kwalifiseer vir 'n pensioen/toelae huidiglik nog voldoende is; in watter mate verhoogde Staatsuitgawes in die verband betrek kan word; en welke gemeenskapsprogramme met sukses met bystandschemes gekoppel kan word om 'n groter mate van onafhanklikheid te bewerkstellig.

## **RGN-PUBLIKASIELYS**

**'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere Instituut van die RGN kan van die Hoof: Tegniese Dienste verkry word.**

ano 168010  
copy no 168426

